# LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

Tel. 049 – 8910 803
Sel: 0721702045

Posbus 253
GRAAFF-REINET
6280

***E-Pos:*** hoof@laervolkskool.org
***Skoolhoof : Mnr D Joubert***

5 Februarie 2025

Geagte Voornemende Ouers

Hiermee gee ons die volgende inligting aan u deur.

**SKOOLTYE**

| **DAE** | **GRAAD 1** | | **GRAAD 2** | | **GRAAD 3** | | **GRAAD 4-7** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Begin | Verdaag | Begin | Verdaag | Begin | Verdaag | Begin | Verdaag |
| Maandag | 07:45 | 12:30 | 07:45 | 12:30 | 07:45 | 12:45 | 07:45 | 13:30 |
| Dinsdag-Donderdag | 07:15 | 12:30 | 07:15 | 12:30 | 07:15 | 12:45 | 07:15 | 13:30 |
| Vrydag | 07:15 | 12:30 | 07:15 | 12:30 | 07:15 | 12:45 | 07:15 | 13:00 |

**<u>Skoolfonds - 2025</u>**
**Die skoolfonds beloop per leerling:** **per jaar R20 350,00,**
**per kwartaal R5 087,50**
**per maand R2 035,00 vir 10 maande (Jan–Okt)**

Al is ons 'n staatskool betaal die Departement net 10 van ons 20 onderwysers se salarisse. Ons is verantwoordelik vir die betaling van ons eie rekeninge (krag & water) asook die aankoop van onderrigmateriaal.

**Skoolfonds is verpligtend en vooruitbetaalbaar teen die eerste week wat die skool open.**

**Bankbesonderhede vir direkte inbetalings: ENB Tjekrekeningnommer 62407489021 by Graaff-Reinet (takkode 210-216) met u kind se naam en van as verwysing.**

**<u>Koshuisfooie - 2025</u>**
**Die koshuisfooie beloop per leerling:** **per jaar R28 800,00,**
**per kwartaal (1 – 3) R7 854,00,**
**vierde (4) kwartaal R5 236,00.**

**Koshuisgelde kan slegs per jaar of kwartaal betaal word. Die koshuisgelde moet op die eerste skooldag van elke kwartaal vooruitbetaal wees. Die kwitansie moet by die ingang van die koshuis getoon word.**

**Bankbesonderhede vir direkte inbetalings: ENB Tjekrekeningnommer 62407490177 by Graaff-Reinet (takkode 210-216) met u kind se naam en van as verwysing.**

**<u>Nasorg - 2025</u>**
Indien u in nasorg by die koshuis belangstel, **(slegs Maandae tot Donderdae),** kan u die nodige vorms by die skoolkantoor afhaal en so gou as moontlik indien. Ons wil ons getalle vir volgende jaar finaliseer.

Nasorg is maandeliks vooruitbetaalbaar met 'n minimum bywoning/betaling van 1 kwartaal.
Nasorg kan slegs 1 kwartaal vooruit gekanselleer word, en dus nie in middel van 'n kwartaal nie.

**Die nasorg per leerling beloop:**

| | | |
|---|---|---|
| **NASORG 2025** | R1 950 per kwartaal sonder etes | R780 per maand vir 10 maande |
| | R3 250 per kwartaal met etes | R1 300 per maand vir 10 maande |

**Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:**
**ENB Tjekrekeningnommer 62407489021 by Graaff-Reinet (takkode 334-216) met u kind se naam en van as verwysing.**

**RAPPORTE**
Rapporte sal deur die klasonderwyser aan die leerlinge gegee word. Indien die leerling dit nie self kan afhaal nie, sal die rapport die volgende kwartaal uitgegee word.

**UNIFORM**
Skoolklere is by Nommerpas te Kerkstraat beskikbaar.

**ANDER SAKE**
Merk u kind se eiendom duidelik. Items word nie altyd "gesteel" nie, maar dit gebeur wel, of eiendom word op die terrein vergeet.

**GEEN pakkies** mag by die kantoor afgegee word nie. Personeel het nie die tyd om pakkies by leerlinge af te gee nie.

Kleredrag aanhangsel hierby aangeheg.

Ons sien daarna uit om u te ontvang.

Vriendelike groete.

***D. Joubert***
**Skoolhoof**